

Assessering van Professionele Bevoegdheid November 2018

Inligting op die dag Millenial Hotelgroep (Edms) Bpk

November 2018						
Son	Ma	Di	Wo	Don	Vry	Sat
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	

Inmandjie Junior.Ontwrigter@millennialhg.co.za					
 Pos  Kalender  Kontakte  Take	 ONTVANG				
	<i>Dok</i>	<i>Van</i>	<i>Onderwerp</i>	<i>Aanhangsel</i>	<i>Ontvang</i>
	1	Travis Jagger	Huurkontrakte	–	21/11/2018
	2	Travis Jagger	Huurkontrakte (alweer!)	<i>Aanhangsel: Travis Jagger se berekeninge: Billike waardeberaming van die Sandton hotel-eiendom</i>	21/11/2018
	3	Brian Stewart	Versoeke rakende interne ouditsekondering	<i>Aanhangsel: Werkpapier DIR-01</i>	21/11/2018
	4	Travis Jagger	Herstrukturering van 6CWKF-lening	<i>Aanhangsel: Aanbiedingskyfies wat voltooi moet word</i>	21/11/2018
	5	Tshepo Umculi	Klas B-aandele	–	21/11/2018
	6	Sarah Naidoo	Lewenslange gas-program	–	21/11/2018
7	Eileen Barkingmad	Mentorskap	–	21/11/2018	

Millennium Hotelgroep (Edms) Bpk is 'n fiktiewe maatskappy, en al die gebeure sowel as die name van alle persone wat met hierdie maatskappy verband hou, soos genoem in hierdie Assessering van Professionele Bevoegdheid, is bloot fiktief van aard en enige ooreenkoms met werklike persone, hetsy lewend of dood, of met enige werklike besigheidsentiteit, is bloot toevallig.

DOKUMENT 1

E-POS VAN TRAVIS JAGGER AAN JUNIOR ONTWRIGTER

Van: Travis Jagger
Gestuur: Woensdag 21 November 2018, 5:49 vm
Aan: Junior Ontwrigter
GK:
Onderwerp: Huurkontrakte

Goeiemôre

Moet vanoggend vroeg begin ... daar is baie om te doen! Ons het binnekort 'n Direksievergadering en almal wag vir 'n paar dokumente van my af ter voorbereiding vir die vergadering.

Jy sal waarskynlik my e-pos van 9 November onthou oor die implementering van IFRS 16 wat vir ons voorlê. Die Direksie sukkel nogal om te verstaan hoekom ons bedryfshuurkontrakte vir die eiendomme nou skielik almal gekapitaliseer moet word, en het hul onsekerheid oor die impak wat dit sou hê, uitgespreek. Ek dink dit kan die beste geïllustreer word met behulp van 'n voorbeeld met syfers en voorwaardes soortgelyk aan ons werklike bestaande huurkontrakte.

Ek sal graag wil hê jy moet die volgende illustratiewe huurtermyn en -voorwaardes, wat tipies aan ons besigheid is, gebruik:

- 'n Driejaar-huurkontrak met die opsie om vir twee jaar te hernu (die maksimum termyn is gewoonlik tien jaar, maar dit sal jou tabel te omslagtig maak).
- Aanvaar ter wille van eenvoud dat huurbetalings jaarliks plaasvind. Die eerste huurbetaling aan die einde van jaar 1 is R1,1 miljoen, wat dan jaarliks met 8% styg.
- Jy kan op 'n aanvanklike eiendoms waarde van R13,5 miljoen werk en die eiendom sal aan die einde van die huurkontrak R12,5 miljoen werd wees (nie seker gewees of jy hierdie inligting sal benodig nie).

Stel asseblief namens my 'n memo op wat aan die Raadslede gesirkuleer kan word en wat die volgende insluit:

- 'n Tabel met syfers gebaseer op die voorbeeld hierbo, wat die volle huurtermyn dek, wat die impak toon op (a) totale bates, kontant uitgesluit, (b) totale laste en (c) wins vir die jaar, van (1) die ou hantering ingevolge IAS 17 en (2) die nuwe hantering ingevolge IFRS 16.
- Kort aantekeninge om te verduidelik wat jy in hierdie tabel gedoen het.
- 'n Gevolgtrekking oor die impak van IFRS 16 vir MHG.

Moet asseblief nie die belastingimplikasies in jou memorandum insluit nie; die Direksie sal klaar genoeg hê om te hanteer! Een tree op 'n slag ...

Groete
Travis

HFB: Millennial Hotelgroep

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywaringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Kyk <http://www.millennialhg.co.za/disclaimer/email.htm> vir meer besonderhede.

DOKUMENT 2

E-POS VAN TRAVIS JAGGER AAN JUNIOR ONTWRIGTER

Van: Travis Jagger
Gestuur: Woensdag 21 November 2018, 7:02 vm
Aan: Junior Ontwrigter
GK:
Onderwerp: Huurkontrakte (alweer!)

Hallo weer

Weet jy wat die Direksie mag oortuig dat IFRS 16 goed kan wees vir ons? Antwoord: as ons dit tot ons voordeel gebruik!

Soos jy weet, kan die reg-vir-gebruiksbate¹ by huurkontrakte in die finansiële state in ooreenstemming met die herwaardasiemodel gedra word. Ek oorweeg die idee om ons balansstaat 'n bietjie op te kikker. Dit is jammer dat ons tot FJ2020 sal moet wag, maar ek wil die gebruikers van ons finansiële state 'n voorsmakie gee van wat gaan gebeur deur 'n raming te maak van wat die verhoogde NBW² per IFRS 16 sal meebring – alles in die gees van die openbaarmaking ingevolge IAS 8, paras 30–31. Ek het my beste beraming van die billike waarde van die Sandton-hotel bereken – kyk aanhangsel.

Sal jy omgee om my spreiblad na te gaan en enige kwellings wat jy daaroor mag hê, uit te lig? Dankie, jy is 'n ster!

Kan nie wag vir die bykomende finansiering wat ons met 'n verbeterde balansstaat sal kan verkry nie!

Groete
Travis

HFB: Millennial Hotelgroep

NS: Tyd is min; aanvaar asseblief dat die aangehegte spreiblad wiskundig akkuraat is – jy hoef dus nie formules en optellings te toets, ens. nie.

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywaringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Kyk <http://www.millennialhq.co.za/disclaimer/email.htm> vir meer besonderhede.

¹ Eng.: right-of-use asset.

² Eng.: NAV.

E-POS AANHANGSEL

Travis Jagger se berekeninge: Billike waardeberaming van die Sandton hotel-eiendom

Billike Waarde Sandton Hotel Excel - Excel													
Travis Jagger													
Billike waarde-beraming: Sandton-eiendom													
	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K	L	M
1	Billike waarde-beraming: Sandton-eiendom												
3		(1)	2019	2020	2021	2022	2023	2024	2025	2026	2027	2028	
4			Rand	Rand	Rand	Rand	Rand	Rand	Rand	Rand	Rand	Rand	
6	Aantal kamers		69	69	69	69	69	69	69	69	69	69	
8	Gemiddelde kamertarief per nag	(2)	R 1,490	R 1,565	R 1,643	R 1,725	R 1,811	R 1,902	R 1,997	R 2,097	R 2,201	R 2,311	
10	Besetting	(3)	71%	71%	71%	75%	75%	75%	76%	77%	78%	79%	
11	Dae per jaar		365	365	365	365	365	365	365	365	365	365	
13	Geskatte akkommodasie-inkomste		R 26,643,212	R 27,975,372	R 29,374,141	R 32,580,473	R 34,209,497	R 35,919,971	R 38,218,850	R 40,657,816	R 43,245,131	R 45,989,534	
15	Voedsel- en drankinkomste	(2)	R 11,391,778	R 11,961,367	R 12,559,435	R 13,187,407	R 13,846,777	R 14,539,116	R 15,266,072	R 16,029,375	R 16,830,844	R 17,672,386	
17	Diverse en winkelinkomste	(2)	R 1,869,556	R 1,963,033	R 2,061,185	R 2,164,244	R 2,272,456	R 2,386,079	R 2,505,383	R 2,630,652	R 2,762,185	R 2,900,294	
19	TOTALE INKOMSTE		R 39,904,545	R 41,899,772	R 43,994,761	R 47,932,124	R 50,328,730	R 52,845,167	R 55,990,305	R 59,317,843	R 62,838,160	R 66,562,214	
21	Uitgawes	(4)											
22	Kommissie-uitgawe	(5)	R 1,705,166	R 1,790,424	R 1,879,945	R 2,085,150	R 2,189,408	R 2,298,878	R 2,446,006	R 2,602,100	R 2,767,688	R 2,943,330	
23	Voedsel, drank en koeldranke	(6)	R 7,404,656	R 7,774,888	R 8,163,633	R 8,571,814	R 9,000,405	R 9,450,425	R 9,922,947	R 10,419,094	R 10,940,049	R 11,487,051	
24	Koste van goedere in winkels verkoop	(7)	R 1,308,689	R 1,374,123	R 1,442,830	R 1,514,971	R 1,590,720	R 1,670,255	R 1,753,768	R 1,841,457	R 1,933,530	R 2,030,206	
25	Bankkoste	(2)	R 447,556	R 469,933	R 493,430	R 518,102	R 544,007	R 571,207	R 599,767	R 629,756	R 661,243	R 694,306	
26	Werknemer koste	(8)	R 10,139,667	R 10,748,047	R 11,392,929	R 10,823,283	R 10,282,119	R 9,768,013	R 9,279,612	R 8,815,632	R 8,374,850	R 7,956,108	
27	Huurbetalings	(9)	R 9,900,000	R 10,692,000	R 11,547,360	R 12,471,149	R 13,468,841	R 14,546,348	R 15,710,056	R 16,966,860	R 18,324,209	R 19,790,146	
28	Onderhoud en herstel	(10)	R 2,163,556	R 2,271,733	R 2,385,320	R 2,504,586	R 2,629,815	R 2,866,499	R 3,124,484	R 3,405,687	R 3,712,199	R 4,046,297	
29	Ander bedryfsuitgawes	(2)	R 2,541,222	R 2,668,283	R 2,801,698	R 2,941,782	R 3,088,871	R 3,243,315	R 3,405,481	R 3,575,755	R 3,754,543	R 3,942,270	
30	Depresiasie en amortisasie		R 1,619,333	R 1,619,333	R 1,619,333	R 1,619,333	R 1,619,333	R 1,619,333	R 1,619,333	R 1,619,333	R 1,619,333	R 1,619,333	
31	Rente-uitgawe: 6CWKF		R 240,000	R 240,000	R 240,000	R 240,000	R 240,000	R 240,000	R 240,000	R 240,000	R 240,000	R 240,000	
33	TOTALE UITGAWES		R 37,469,843	R 39,648,765	R 41,966,478	R 43,290,171	R 44,653,519	R 46,274,274	R 48,101,454	R 50,115,674	R 52,327,644	R 54,749,046	
35	WINS		R 2,434,702	R 2,251,007	R 2,028,283	R 4,641,953	R 5,675,211	R 6,570,893	R 7,888,850	R 9,202,170	R 10,510,516	R 11,813,168	

	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K	L	M
35	WINS		R 2,434,702	R 2,251,007	R 2,028,283	R 4,641,953	R 5,675,211	R 6,570,893	R 7,888,850	R 9,202,170	R 10,510,516	R 11,813,168	
37	Verdiskonteringskoers	(11)	4.3%										
39	NTW = Billike waarde		R 47,211,184										
41	Aantekeninge:												
42	(1) Huurkontrak hernu vir 'n maksimum beskikbare termyn van 10 jaar.												
44	(2) Het 'n 5% jaarlikse prysverhoging gebruik in lyn met algemene inflasie.												
46	(3) Ons beplan grootskaalse opknappingswerk (Eng.: renovations) in 2022 wat die hotel se gewildheid wesenlik sal verhoog.												
48	(4) 'n Redelike toedeling van totale uitgawes gemaak aan die Sandton-eiendom gebaseer op die grootte daarvan.												
50	(5) Aannames:												
51	• 50% van akkommodasie word direk by MHG bespreek, en vereis geen kommissie nie.												
52	• 30% van akkommodasie word deur besprekingswebblaaie bespreek en gemiddeld 8% kommissie moet betaal word.												
53	• 20% van akkommodasie word deur reisagente bespreek en gemiddeld 20% kommissie moet betaal word.												
55	(6) 65% van voedsel- en drankinkomste.												
57	(7) 70% van diverse en winkelinkomste.												
59	(8) In ons strewe daarna om 'n 'skraler' besigheid te word: minder werknemers sal benodig word (en rekenaars sal mense vervang).												
61	(9) Huureskalasie per kontrak is 8%.												
63	(10) Het 5% groei tot 2023 gebruik; 9% daarna aangesien die gebou verouder.												
65	(11) Gemiddelde opbrengs in SA eiendomsmark: https://www.privateproperty.co.za/advice/news/articles/the-outlook-for-south-africas-property-market-in-2018/6160												
66													
67													
68													
69													
70													

DOKUMENT 3

E-POS VAN BRIAN STEWART AAN JUNIOR ONTWRIGTER

Van: Brian Stewart
Gestuur: Woensdag 21 November 2018, 8:05 vm
Aan: Junior Ontwrigter
GK:
Onderwerp: Versoeke rakende interne ouditsekondering

Beste Junior Ontwrigter

Ek moet erken dat ek snags die kers aan albei kante brand in 'n poging om deur al my werk te kom - en daarom sal ek jou hulp met betrekking tot die volgende dringende sake baie waardeer:

1. Gaan asseblief die aangehegte ouditwerkpapier DIR-01 na – dis voorberei deur Jane Wyman, 'n junior lid van my span – en stel vir haar opleidings-/hersieningsnotas op aangaande die toereikendheid en toepaslikheid van die ouditwerk wat sy uitgevoer het. Hoewel sy 'n finalejaar BCom (Rekeningkunde) student (deeltyds) is, is dit duidelik dat Jane baie ontwikkeling benodig en daarom is gedetailleerde terugvoer nodig. Moet asseblief nie 'n lys van ouditprosedures vir Jane formuleer nie – hoewel ek wil hê sy moet jou bekommernisse duidelik verstaan en leer watter spesifieke areas meer ouditwerk benodig, wil ek hê sy moet die ouditprosedures formuleer. Hoe sal sy anders ooit as 'n ouditeur ontwikkel?
2. Op grond van my oppervlakkige oorsig oor Jane se werk, is ek ook bekommerd dat sy die omvang van haar opdrag te eng vertolk het. Dit lyk of haar ouditwerk beperk is tot die opsporing van wesenlike wanvoorstellings in die leningsaldo van Tshepo Umculi, terwyl moontlike wesenlike wanvoorstellings wat as gevolg van die leningstransaksies in ander areas van die 2018 finansiële jaarstate (FJS) mag bestaan, geïgnoreer word. Hanteer hierdie potensiële wanvoorstellings asseblief ook in jou opleidings-/hersieningsnotas.
3. Ek het vroeg vanoggend 'n vergadering met Tshepo bygewoon waar hy genoem het dat hy laat gisteraand 'n anonieme e-pos ontvang het waarin beweer word dat sommige van die personeel in ons hotelle –
 - gaste wat nie 'n bespreking gemaak het nie (d.w.s. instapgaste) toelaat om andersins leë hotelkamers te gebruik, hulle vra om kontant te betaal, en dan die volle of 'n gedeelte van die bedrag betaalbaar in hul eie sakke steek; en
 - 'n buitensporige aantal komplementêre kamernagte aan reisagente en ander derde partye toeken in ruil vir voorafooreengekome omkoopgelde³.

Tshepo het die interne oudit-eenheid opdrag gegee om as 'n saak van die hoogste prioriteit, 'n aanvanklike ondersoek na hierdie bewerings te loots om te bepaal of daar gronde is om dit as geloofwaardig te beskou. Indien die ingesamelde bewyse daarop dui dat dit waarskynlik is dat sulke onreëlmatighede plaasvind, sal ons 'n forensiese ouditeur aanstel om die aangeleentheid verder te voer. Kan jy dus die prosedures formuleer wat my ouditspanlede moet uitvoer om vas te stel of die fluitjieblaser⁴ se aantygings gegrond is? Stuur dit asseblief teen 17:00 per e-pos aan my sodat ek dit kan nagaan. Om die

³ Eng.: kick-backs.

⁴ Eng.: whistleblower

uitvoerbaarheid te vereenvoudig, wil ek jou vra om hierdie prosedures duidelik, spesifiek en verstaanbaar te hou.

Ek sien uit na jou voorleggings rakende die bogenoemde sake. My leuse: 'Wanneer dit broekskeur gaan, hou net die flukses nog een stryk deur aan!'

Vriendelike groete

Brian Stewart BCom (Gasvryheidsbestuur) NGD in Risikobestuur

Hoof Oudit Beamppte: Millennial Hotelgroep

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywarringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Kyk <http://www.millennialhg.co.za/disclaimer/email.htm> vir meer besonderhede.

E-POS AANHANGSEL

Millennial Hotelgroep	Finansiële Jaar: 2017/2018	DIR-01
Vorberei deur: Jane Wyman	Datum: 15/11/2018	
Nagegaan deur:	Datum:	
Onderwerp: Lening: Tshepo Umculi		

Doelwit

Om wesenlike wanvoorstellings in die 2018 FJS wat voortspruit uit die transaksies op Tshepo Umculi se leningsrekening, en uit die leningbalans op 30 September 2018, op te spoor.

Ouditprosedures

1. Verkry 'n uitdruk van die algemene grootboekrekening vir 'Lening: T. Umculi' vir FJ2018.
2. Herbereken die klerikale akkuraatheid van die berekening om akkuraatheid van die eindsaldo te bepaal.
3. Inspekteer vir alle inskrywings in die algemene grootboekrekening die ondersteunende dokumentasie om te verifieer dat die inskrywing teen die regte bedrag en op die regte datum aangeteken is, en dat dit toepaslik (in die 'Beskrywings'-kolom) beskryf word.
4. Vra Tshepo Umculi om 'n skriftelike bevestigingsbrief te onderteken wat bevestig dat hy met die leningsaldo soos op 30 September 2018 saamstem.

Bevindings (vir elk van die bogenoemde ouditprosedures)

1. Gedoen – kyk algemene grootboekrekening op die volgende bladsy. (Let wel: Kredietinskrywings word met negatiewe bedrae in die 'Bedrag'-kolom aangedui.)
2. Gedoen – geen uitsonderings gevind nie.
3. Gedoen – verwys na die regterkantste (geskakeerde) kolom in die algemene grootboekrekening vir die identifisering van die spesifieke dokumente en rekords wat nagegaan is. Alle bedrae, datums en beskrywings wat in die algemene grootboekrekening aangetoon word, stem ooreen met die bedrae op die ondersteunende dokumentasie. Daar is spesifiek op die volgende gelet:
 - Aantekening A: Die bedrag wat in die leningsrekening aangeteken is, sluit BTW uit.
 - Aantekening B: Die bedrag wat gedebiteer is, is die drabedrag van die meubels en toebehore wat vanaf die maatskappy se hotelle na Tshepo se vakansiehuis oorgedra is.
 - Aantekening C: Die aangetekende bedrag verteenwoordig die totale koste op Tshepo se maatskappykredietkaart, insluitend BTW en footjies, vir die tydperk 1/10/2017 tot 30/9/2018.
4. Gedoen – Tshepo stem saam met die NUL-saldo op sy leningsrekening soos op 30 September 2018, en sy skriftelike voorlegging is geliasseer.

Gevolgtrekking

Geen wanvoorstellings is opgespoor nie. Op grond hiervan kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar geen wesenlike wanvoorstellings in die 2018 FJS is wat uit die transaksies op Tshepo Umculi se leningsrekening, en uit die leningbalans soos op 30 September 2018, voortspruit nie.

Uitdruk van die algemene grootboekrekening 723: 'Lening: T Umculi'

Datum	Rekening	Verwysing	Beskrywing	Bedrag	Dokument(e) nagegaan
1/10/2017			Openingsaldo	0.00	
25/10/2017	Salarisse en lone	Loonstaat	Mev. Umculi se salaris	-25 000.00	Maandelikse loonstaatverslag
10/11/2017	Rekeninge betaalbaar	Aankopejoernaal	Aankoop van BMW 530i-voertuig vir Tshupo Umculi se persoonlike gebruik	875 000.00	Verskaffer se faktuur (aant. A)
11/11/2017	Bank	Kasboek	Inbetaling	-275 000.00	EFO ⁵ -logboek
25/11/2017	Salarisse en lone	Loonstaat	Mev. Umculi se salaris	-50 000.00	Maandelikse loonstaatverslag
28/12/2017	Inkomste	Algemene joernaal	Die waarde van hotel-akkommodasie deur die Umculi-gesin gebruik	-125 000.00	Memo van Tshupo Umculi met oorplasing-instruksie
25/1/2018	Salarisse en lone	Loonstaat	Mev. Umculi se salaris	-25 000.00	Maandelikse loonstaatverslag
25/2/2018	Salarisse en lone	Loonstaat	Mev. Umculi se salaris	-25 000.00	Maandelikse loonstaatverslag
25/3/2018	Salarisse en lone	Loonstaat	Mev. Umculi se salaris	-25 000.00	Maandelikse loonstaatverslag
25/4/2018	Salarisse en lone	Loonstaat	Mev. Umculi se salaris	-25 000.00	Maandelikse loonstaatverslag
25/5/2018	Salarisse en lone	Loonstaat	Mev. Umculi se salaris	-50 000.00	Maandelikse loonstaatverslag
25/7/2018	Salarisse en lone	Loonstaat	Mev. Umculi se salaris	-25 000.00	Maandelikse loonstaatverslag
25/8/2018	Salarisse en lone	Loonstaat	Mev. Umculi se salaris	-25 000.00	Maandelikse loonstaatverslag
25/9/2018	Salarisse en lone	Loonstaat	Mev. Umculi se salaris	-25 000.00	Maandelikse loonstaatverslag
15/9/2018	Meubels en toebehore	Algemene joernaal	Meubels vir Tshupo Umculi se vakansiehuis	127 875.00	Vastebateregister (aant. B)
30/9/2018	Onthaal	Algemene joernaal	Uitgawes namens die maatskappy aangegaan	-175 895.00	Kredietkaartstate (aant. C)
30/9/2018	Bank	Kasboek	Deposito	-126 980.00	EFO-logboek
30/9/2018			Sluitingsaldo	0.00	

⁵ Eng.: EFT

DOKUMENT 4

E-POS VAN TRAVIS JAGGER AAN JUNIOR ONTWRIGTER

Van: Travis Jagger
Gestuur: Woensdag 21 November 2018, 8:11 vm
Aan: Junior Ontwrigter
GK:
Onderwerp: Herstrukturering van 6CWKF-lening

Haai daar

Ek weet jy het 'n besige dag, maar ek het jou hulp nodig, asseblief.

Soos 'n tydjie gelede aan jou genoem is, wil 6CWKF hul hande op Klas B-aandele kry. Hulle het nou 'n voorstel ingedien om hul lening te herstruktureer sodat 50% van die lening na drie jaar op hulle diskresie in 3 000 Klas B-aandele omskepbaar is. Indien dit nie omskep word nie, geld die vorige terugbetalingsvoorwaardes. In ruil daarvoor sal hulle dadelik 'n verdere R10 miljoen aan MHG leen. Dit sal MHG sowat R80 000 in prokureursfooie kos om die regsdocumentasie vir so 'n herstrukturering te bekom.

Ek wil jou graag vra om 'n voorlegging voor te berei wat tydens ons volgende Direksievergadering aan die Raad voorgelê kan word. Dit moet die waarskynlike impak wat dit op MHG en sy aandeelhouers mag hê, aandui. Ek het begin werk aan aanbiedingskyfies in die tipiese MHG-styl (kyk aangeheg) wat jy verder moet invul. Hou asseblief by die ses aangehegte skyfies aangesien ons baie by hierdie vergadering moet dek. Sluit ook spreker-/aanbiedernotas vir elke skyfie in, om my te help onthou wat bedoel word met die punte wat nie selfverduidelikend is nie.

Dankie by voorbaat, sien uit na jou insette.

Groete
Travis

HFB: Millennial Hotelgroep

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywaringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Kyk <http://www.millennialhg.co.za/disclaimer/email.htm> vir meer besonderhede.

E-POS AANHANGSEL

Aanbiedingskyfies wat voltooi moet word

6CWKF-voorstel

- Leen nou bykomende R10 miljoen aan MHG
- R15m van bestaande lening bly onveranderd
- Ander R15m van bestaande lening word omskepbaar
 - in 3 000 Klas B-aandele
 - drie jaar van nou af

1

Voordele

- Onmiddellike R10m kontantinspuiting
- ???
- ???
- Ens.

2

Nadele

- Verwatering van besluitnemingsmagte van bestaande Klas B-aandeehouers
- ???
- ???
- Ens.

3

Rekeningkundige (IFRS) implikasies

- Geen idee nie!
-
-

4

Rekeningkundige (IFRS) implikasies (vervolg)

- Steeds geen idee nie
-
-

5

Belastingoorwegings

- MHG?
 -
- 6CWKF?
 -

6

DOKUMENT 5

E-POS VAN TSHEPO UMCULI AAN JUNIOR ONTWRIGTER

Van: Tshepo Umculi
Gestuur: Woensdag 21 November 2018, 8:18 vm
Aan: Junior Ontwrigter
GK: Travis Jagger
Onderwerp: Klas B-aandele

Haai daar

Ek het net gewonder oor 6CWKF se versoek dat 'n gedeelte van hul lening in Klas B-gewone aandele omskep word. Hipoteties gestel, as ons almal sou besluit om 100% van al ons aandele teen die billike waarde van die besigheid van (sê maar) R250 miljoen aan 'n genoteerde of internasionale hotelgroep te verkoop, hoe sal ons die totale koopprys tussen die Klas A- en B-aandele toedeel? Die Klas A-aandelehouers het die reg op dividende en het stemreg. Die Klas B-aandelehouers het nie enige regte op dividende nie, maar het 'n kragtige vetoreg met betrekking tot enige groot korporatiewe besluit wat MHG moet neem.

Moet asseblief nie tyd mors met waardasieberekening nie. Dink liewer oor die sleutelfaktore en/of -kwessies wat ons sal moet oorweeg om te evalueer hoe die totale koopprys vir MHG regverdig tussen die Klas A- en Klas B-aandelehouers toegedeel kan word. Jou idees hieroor sal baie lig op die saak kan werp. Dankie.

Groete
Tshepo

HUB: Millennial Hotelgroep

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywaringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Sien <http://www.millennialhg.co.za/disclaimer/email.htm> vir meer besonderhede.

DOKUMENT 6

E-POS VAN SARAH NAIDOO AAN JUNIOR ONTWRIGTER

Van: Sarah Naidoo
Gestuur: Woensdag 21 November 2018, 8:42 vm
Aan: Junior Ontwrigter
GK:
Onderwerp: Lewenslange gasprogram

Haai daar

Travis het genoem dat hy 'n e-pos aan jou gestuur het oor sy idee om 'n 'lebenslange gas'-program bekend te stel. Daar kan voordele en onvoorsiene gevolge verbonde wees aan so 'n program, maar dit is 'n interessante konsep. Ek het gewonder of dit nie vir ons beter sou wees om op die korporatiewe mark te fokus nie – in plaas daarvan om lewenslange pakkette aan individue te verkoop, kan ons byvoorbeeld tienjaarpakkette aan korporatiewe klante verkoop. Verkoop byvoorbeeld tienjaarlange toegang tot enige van ons hotelle aan maatskappye, maar onderwerp dit aan 'n maksimum van 60 nagte per klant in enige jaar. Korporatiewe klante kan dalk meen dat R500 000 (my gevoel oor 'n voorgestelde prys) vir elke sodanige pakket 'n winskopie is? Die maatskappye kan moontlik ook 'n groot inkomstebelastingbonus kry – hulle kan die aftrekking onmiddellik eis wanneer hulle vir tienjaartoeegang betaal.

Wat is die vyf belangrikste dinge wat MHG moet oorweeg om te evalueer of dit die moeite werd is om met so 'n korporatiewe gaspakketstrategie voort te gaan?

Groete
Sarah

Bemarkings- & Besigheidsontwikkelingsdirekteur: Millennial Hotelgroep

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywaringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Kyk <http://www.millennialhg.co.za/disclaimer/email.htm> vir meer besonderhede.

DOKUMENT 7

E-POS VAN EILEEN BARKINGMAD AAN JUNIOR ONTWRIGTER

Van: Eileen Barkingmad
Gestuur: Woensdag 21 November 2018, 8:58 vm
Aan: Junior Ontwrigter
GK:
Onderwerp: Mentorskap

Haai daar

Dit was so lekker om jou die afgelope drie weke te leer ken en 'n mentorskapverhouding te ontwikkel. Ek dink dit is ongelooflik dat MHG soveel in sy sleutelpersoneel belê en buite-konsultante soos ek gebruik om jong talent soos jy te mentor. Onthou ek is hier om jou op enige manier wat ek kan met jou ontwikkeling en leerervaring binne die werkplek by te staan. Ons besprekings en interaksies is streng vertroulik en ek mag dit nie, behalwe met jou uitdruklike toestemming, met enigeen by MHG deel nie. Dit bied 'n veilige ruimte vir ons om in te kommunikeer! Daarbenewens staan dit jou vry om hoegenaamd enige vertroulike inligting wat jy ook al wil oor MHG en sy bedrywighede te deel, aangesien MHG uitdruklik goedkeuring gegee het dat jy dit mag doen.

Goed, 'n vraag vir jou voor ons volgende mentorsessie: MHG is trots op sy Gedragskode. Is daar enigiets wat jy tydens jou kort werkstyd by MHG opgemerk of ondervind het met betrekking tot die gedrag en optrede van die uitvoerende direkteure en ander sleutelpersoneel, wat moontlik in stryd is met die tweede sleutelbeginsel wat in die Kode gelys word ('MHG-werknemers moet te alle tye goeie oordeel toepas en die regte ding doen')?

Ek sien uit na jou e-posreaksie. Maak asseblief 'n lysie van enige kwessies van hierdie aard wat jy moontlik ervaar of waarvan jy bewus geword het, saam met 'n kort verduideliking van elk. Dit sal ons in staat stel om hierdie kwessies sinvol te bespreek wanneer ons weer ontmoet.

Groete
Eileen

PhD (Bedryfsielkunde)
Jou persoonlike mentor in besigheid en jou uitvoerende skermmaat⁶

⁶ Eng.: Sparring partner.
APB November 2018
Inligting op die dag